FOKUS OP DIE S. A. VLEISMERINO



Hoë potensiaal skaapras sonder grense

Die Suid-Afrikaanse Vleismerino het sy oorsprong uit Duitsland in 1932. Oor die afgelope 80 jaar het die ras 'n reuse omwenteling veroorsaak in wolskaapboerdery in ons land. Meeste wolskaapkuddes is met infusering van die gene baie verbeter. Deesdae is groter en gladder skape uiters gewild en die poenskopgeen vergemaklik hantering. Kruisteling waar die SA Vleismerino as vaderras benut word lewer sulke uitstekende resultate dat geen skaapplaas sonder 'n paar SAVM ramme behoort te wees nie. Selfs uit Australië waar die ras sedert 1996 gebruik word is die terugvoer uitstekend. Hulle kan nie glo dat so "top vleisskaap" ook wol van uitstaande gehalte kan produseer nie ('n ware dubbeldoel skaap). In rasvergelykende studies by hulle het die SAVM telkens met die kroon weggestap.

Danksy skoue met die klem op bouvorm is strukturele korrektheid oor die jare verbeter en gehandhaaf. Deur die skape te skeer voor deelname kan geen "foute" onder wol weggesteek word nie. Funksionele doeltreffendheid gee die deurslag in die mededinging geskoei op voorkoms. Dit tesame met die gebruik van BLUP teelwaardes as seleksiehulpmiddel vorm die basis van rasverbetering. Die byhou van volledige stambome sedert die stigting van die genootskap en latere verpligte prestasietoetsing het die oorgang na teelwaardes maklik gemaak. Ons glo in balans en gebruik graag teelwaardes (genotipe) saam met visuele voorkoms (fenotipe) op 'n 50/50 basis in seleksiebesluite.

Natuurlik is die ras se vleisproduksiepotensiaal sy absolute sterkpunt waarop steeds voortgebou word. Medium tot groot lamkarkasse (23 – 28kg) word geproduseer met min tot matige hoeveelheid vet (A2). Nog ‘n rede waarom die ras so vinnig veld gewen het in Australië is weens die feit dat lamkarkasse van swaarder as 25kg, ‘n premie behaal in die uitvoermark. Die egalige vetverspreiding is ideaal en lamsvleis van die ras is die “benchmark” vir gehalte a.g.v. sagtheid, sappigheid en smaaklikheid. Selfs ou ooie se vleis is besonder goed en steeds baie gesog omrede dit so geurig en smaaklik is. Seleksiedruk word geplaas op aanteeltempo en groei omdat dit so groot invloed het op lamsvleisproduksie, wat weer deurslaggewend is in winsgewende skaapboerdery.

Wolvagte word jaarliks ingeskryf vir ‘n Nasionale Vagkompetisie van die NWKV. Dit het oor meer as 30 jaar baie bygedra tot die bewusmaking van watter eienskappe aandag moet geniet in die seleksieproses vir goeie wol. Sodoende het die ras se wol geweldig verbeter en toets meeste skeersels tussen 21 en 23 mikron gemiddeld. Gedurende die huidige seisoen danksy die gunstige wolpryse, het heelwat produsente tussen R50 en R60 per kilogram vir hulle beste vaglyne behaal op die wolveilings. Wol lewer dus ‘n baie welkome bonusinkomste vir die SA Vleismerino boer.

Omdat jong ooitjies vinnig groei en vroeg geslagsryp is word hulle gewoonlik op 10 – 12 maande vir die eerste keer gepaar. Selfs jong ooie is goeie moeders en maak hulle lammers suksesvol groot. Waar jong ooie apart gepaar word met ervare ramme is die resultate altyd beter. Daar is altyd ‘n baie goeie mark vir dragtige jong ooie en veral die wat dragtig gesonar is met tweelinge behaal premiepryse.

Meerlinge is volop en kom baie algemeen voor. Ooie het besondere sterk moederinstink en produseer voldoende melk om selfs drielinglammers goed groot te maak. Ons kry selfs navrae van mense wat skape melk en skaapmelk begin ontgin as ‘n nismark. Hulle selekteer natuurlik streng vir melkproduksie en kruisteel met ander rasse.

Lammers groei vinnig vanaf geboorte tot speen afhangend van die gehalte van weiding wat beskikbaar is. Die ras pas uiters goed aan vanaf ekstensiewe karoogebiede tot suurvelddele en floreer onder intensiewe toestande soos op aangeplante weidings. Skaapvoerkrale verkies SAVM lammers weens hulle groeikrag en doeltreffende voerverbruik. Speenlammers behaal dus altyd premiepryse. Vele produsente verkies egter om hulle lammers self af te rond en so self waarde toe te voeg.

Hierdie groep geskeerde ooie is almal gesonar met tweelinge. Die ooie se vermoë om vinnig kondisie aan te sit na speen dra by tot die sukses met herbesetting en ‘n hoë persentasie meerlinge. Die telers verwys graag na die sterk konstitusie van die ras (herstelvermoë). Verder is langlewendheid ‘n gunstige eienskap waaroor die ras beskik omdat dit ekonomies so belangrike rol speel in verkoopspersentasie van ‘n kudde.

Die eindresultaat is voorspelbaar as mens na die agterkwarte van die jong ramme kyk. Jong ramme is baie viriel, sterk en lewenskragtig met hoë libido. ‘n Moet op elke skaapplaas!

Kontak ons

Tel: 051 522 6827 / 8

Faks: 051 522 5662

E-pos: sammsheep@yebo.co.za

Webblad: www.studbook.co.za

Posadres: Bus 35533, FAUNASIG, 9325